



Hartenbos

Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging

NOODPLAN

INLEIDING

Ongeag dat die Plaaslike Owerheid oor 'n oorhoofse Noodplan met Nooddienste/Opgeleide personeel beskik, is 'n interne Noodplan uiters noodsaaklik.

NOOD-/BELANGRIKE NOMMERS

- Brandweer: 044 691 3722/044 606 5121/ 044 606 5107
- S.A. Polisiediens: 044 606 2201/ 044 606 2805/10111
- Ambulans: 044 691 19911/10177/080 072 7772/063 675 1936
- Hospitaal: Provinsiaal – 044 691 2011

Life Bay Privaat – 044 691 3718

- DBV/SPCA: 044 693 0824/072 287 1761
- Verkeersafdeling: 044 606 5210
- Munisipaliteit: Algemeen – 044 606 5000
 - Elektrisiteit – 044 606 5086/044 606 5139
 - Water en Riool – 044 606 5262
- Sekuriteit: Reaksievoertuig – 064 937 4220 / 064 938 4043
 - Area Bestuurder – 069 006 3118 / 064 938 5189
 - Beheerkamer – 064 938 4102
- HVHV Bestuurder: 079 966 7022

NB. Hou noodnommers naby telefoon en/of onder kontaknommers op u selfoon.

Verseker u verskaf korrekte adres en kontakbesonderhede.

NOODGEVAL

'n Noodgeval is 'n situasie wat onmiddellike bedreiging of gevaar vir 'n persoon/persone se gesondheid, veiligheid, eiendom of omgewing inhou.

VERSKILLENDE NOODSITUASIES

- Brande – elektriese brande, ontvlambare vloeistowwe, droë material of sonpaneelstelsel (lithium battery) brande.
- Gewapende aanval – gyselaarsaanhouding of besetting van geboue.
- Bomdreigemente.
- Verdagte pakkie.
- Onderbreking van Noodsaaklike Dienste – elektrisiteit, water, riool, ens.
- Natuurrampe – tsoenami, oorstromings, windstorms, ens.

ONTRUIMINGSPLAN

Tesame met 'n Noodplan moet 'n Nood Ontruimingsplan gaan. 'n Nood Ontruimingsplan verseker dat 'n gebou/woonhuis op die veiligste moontlike roetes, wat aan alle werkers/gesinslede bekend is, in noodsituasies verlaat word of deur reddingspersoneel daartoe aangesê word.

Verseker dat alle werkers/inwoners/troeteldiere en 'n noodtas/noodhouer uit die gebou/woning beweeg/verwyder het/is sonder om u eie veiligheid in gevaar te stel. Beweeg na 'n veilige, voorafbepaalde area/versamelpunt.

Tydens ontruiming – Bly altyd kalm, vermy paniek, moedig kalmheid en ordelikheid aan. **Verm**y **hysbakke**. Help bejaardes/gestremdes/kinders/troeteldiere.

NOODTAS/NOODHOUER

'n Noodtas of noodhouer is 'n tas of houer wat vooraf met bv. die ondergenoemde belangrike items gepak is en gereeld versien word sodat dit gereed is om tydens ontruiming in 'n noodsituasie saamgeneem kan word. **NB.** Bêre hierdie tas/houer op 'n veilige plek sodat dit nie gesteel kan word nie.

- Dokumente – ID/Paspoort/Bestuurderslisensie/Bankkaart/Mediese Lidmaatskapkaart/kontrakte/Versekeringsdokumente/kaart en transport van woning/Voertuigregistrasie dokument/Noodkontakinligting van familie,vriende, hulpdienste, testament. **NB.** Plaas items in 'n waterdigte sak/houer.

- Lewensondersteunende items

- Water vir 3 (drie) dae ongeveer 3 liter per persoon per dag.
- Kos – nie bederfbare items soos onder andere neute, energierepies, ens. vir 3 dae.
- Toerusting om kos voor te berei (mes, blikoepmaker, ens.)

- Noodtoerusting - eerstehulpstel soos pleisters, oogdruppels, ontsmettingsmiddel, medikasie, veral chroniese medikasie.

- Flitslig met spaar batterye.
- Selfoon met laaier en draagbare kragbron.

- Klere en Persoonlike items

- Warm klere, reënkleren en sokkies met sterk skoene.
- Gesigdoekies, seep en sanitasie middels.
- Geld in kontant (OTM's kan buitewerking wees).

- Notaboek en pen.
- Bril, gehoorapparaat, items vir kinders en bejaardes soos doeke, melk en/of spesiale medikasie en klein speelgoed vir kinders as troositems.
- Voorskrifte vir chroniese medikasie.
- Eksterne hardeskyf/Geheuestokkie/s.
- Ander moontlike items wat volgens u noodsaaklik vir u mag wees.

WENKE VIR NOODSITUASIES

• **Brande**

- Elke woning behoort 'n minimum van 2 brandblussers van 4,5Kg elk te hê. Een binne maklike bereik van die kombuis en ander een op 'n strategiese plek in huis.
- Brandblussers moet meer as een soort brand te kan blus.
- Brandblussers moet een keer per jaar versien word.
- Hou erf en geute skoon van brandbare materiaal/indringerplante of bome.
- Ken jou bure met hulle telefoonnommers en verwttig hulle van 'n brand.
- Rookalarms kan installeer word.
- Bepaal vooraf ontsnaproetes.
- Bly kalm wanneer 'n brand ontstaan.
- In geval van elektriese brande, skakel dadelik die krag af. **GEBRUIK REGTE BRANDBLUSSER EN MOENIE MET WATER PROBEER BLUS NIE.**
- In geval van olie wat op elektriese stoof aan die brand geraak het, **BLUS MET REGTE BRANDBLUSSER OF PROBEER BRAND SMOOR. MOENIE WATER GEBRUIK NIE.**
- In geval van olie wat op 'n gasstoof aan die brand geraak het, draai gas toe, blus met regte brandblusser of probeer brand smoor.
- Indien kos in die oond aan die brand geraak het, maak oonddeur toe, skakel die krag af/ draai gas toe.
- Indien gordyne, beddegoed, klere, sitkamerbanke aan die brand geraak het, blus met water. Indien sonpaneelstelsel (lithium batterye) aan die brand raak, **BLUS MET REGTE BRANDBLUSSER. DAAR IS SPESIFIEKE BRANDBLUSSERS OM LITHIUM BATTERYE TE BLUS.** Batterye moet verkieslik ook in 'n vertrek met vuurvaste mure en deure geplaas word en daar moet 'n Voldoeningssertifikaat ("COC") vir die installasie uitgereik word.
- Indien daar baie rook is, bind nat waslap, sakdoek, klere, ens. oor neus en mond.
- Indien brand buite beheer raak, maak vensters en deure toe en:
- Ontruim woning langs vooraf beplande ontsnaproete. **NEEM NOODTAS/NOODSAK SAAM.**
- Maak seker alle mense en diere is uit die woning en in veilige area. Moenie teruggaan om troeteldiere te gaan soek en daardeur u eie lewe in gevaar stel nie.
- Skakel brandweer onmiddellik.
- Verwittig sekuriteit.
- Verwittig HVHV Bestuurder.
- Gehoorsaam bevel van reddingspersoneel.

• **Gewapende aanval, gyselaarsaanhouding en besetting van geboue –**

- Bly kalm – onthou alles moontlik word deur reddingspersoneel gedoen om u te bevry.
- Indien moontlik – Stel S. A. Polisiediens in kennis.
- Val plat op vloer en rol of kruip na dekking tot verdere instruksies.
- Moenie onder vensters skuil nie – gebreekte glas kan beserings veroorsaak.
- Moenie in argumente betrokke raak nie.
- Moenie gebou verlaat alvorens alles veilig is en/of indien u nie deur reddingspersoneel daartoe gelas word nie.

- **Bomdreigemente** – Bly kalm!
 - Hou persoon so lank moontlik aan die praat.
 - Luister aandagtig vir agtergrondgeluide, ens.
 - Verkry alle moontlike inligting.
 - Probeer vasstel waar die bom geplant is, hoe dit lyk hoe laat dit sal afgaan, wat die rede daarvoor is, ens.
 - Verwittig S. A. Polisie diens.
- **Verdagte Pakkies** – Bly kalm!
 - Moenie met pakkie peuter nie.
 - Bly op 'n veilige afstand.
 - Verwittig S. A. Polisie diens.
- **Onderbreking van Noodsaaklike Dienste** –
 - Moenie met los/gebreekte elektriese kables peuter nie en hou kinders weg daarvan
 - Verwittig Munisipaliteit.
 - Verwittig sekuriteit.
 - Verwittig HVHV Bestuurder.
- **Natuurrampe** – Bly kalm!
 - Verwittig Brandweer.
 - Oorstromings – Neem noodtas/noodsak met werkers, inwoners en troeteldiere na naaste hoër liggende area of volg opdragte van reddingspersoneel
 - Windstorms – Gaan onmiddellik binne gebou/woning. Maak deure en vensters toe. Moenie gebou/woning verlaat alvorens dit veilig is nie of indien u nie deur reddingspersoneel daartoe gelas word nie.
 - **NB.** Neem kennis dat 'n noodsituasie van 'n vorige noodsituasie sal verskil en daarom moet u gereed wees om die nodige aanpassings tydens sulke situasies te kan doen.

Bly kalm, tree doelgerig en korrek op, werk saam met reddingspersoneel, u gesin en u medemens, elke lewe is kosbaar ook u eie!!!

HEKKE VIR DIE SLUITING/VERKEERBEHEER VAN BEPAALDE STRATE

Hekke mag aangebring word met die nodige toestemming, maar mag nie gesluit word nie. Noodvoertuie/Munisipale Dienslewering voertuie moet vrylik daardeur kan beweeg.

HVVH BESTUUR

6 Augustus 2025